# Die houding van die Openbaring van Johannes teenoor kultuur

**J J Engelbrecht**
**Departement Bybelkunde**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**The attitude of the Apocalypse of John towards culture**
*The last book of the Bible was not written in the first instance to say something about the believer's attitude towards and use of culture as such. However, between the lines important information is to be found. Those who really believe in Him who is proclaimed in this book do not need to exchange the culture of their people for the culture of another group. It should always be borne in mind, however, that if a certain aspect of one's culture is contrary to the gospel or is a hindrance to the passing on of the gospel to all human beings, the gospel should have priority over one's beloved culture and traditions.*

## 1. INLEIDING

Op die vraag waarom so 'n tema by 'n geleentheid soos hierdie ter sake is, kan geantwoord word dat baie mense in Suid-Afrika klaarblyklik die politieke, ekonomiese, maatskaplike, kulturele en veral godsdienstige situasie soos dit gedurende die afgelope jare verloop het, as traumaties beleef. Dit lyk asof baie van ons mense, met name ons Afrikaner-kerkmense, 'n gevoel het dat alles wat die moeite werd was om voor te lewe, besig is om inmekaar te tuimel, as dit nie in elk geval reeds finaal verdwyn het nie.

'n Verdere rede waarom oor hierdie tema gehandel word, is dat daar altyd die gevaar bestaan dat kerkmense wanneer daar volgens hulle persepsie 'n botsing van belange dreig tussen hul persoonlike, kulturele of politieke ideale enersyds en die evangelie van Jesus Christus andersyds, laasgenoemde maar tweede viool moet speel.

Hierdie soort ervaring en voorstellings herinner aan die lewensituasie waarin sommige, of dalk die meeste Joodse en Christelike apokaliptiese geskrifte waarskynlik ontstaan het: 'n Groep mense wat voel dat hulle 'n magtelose minderheid teenoor 'n magtige en vyandige meerderheid is. Alles wat vir hulle die moeite werd was om voor te leef, word bedreig en hulle het nie die vermoë om die situasie te verander nie. Om sulke mense, mense wat te midde en ten spyte van hulle kleingeloof en moedeloosheid,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tog graag in die regte verhouding met God wil leef, 'n ander perspektief en nuwe moed te gee, is minstens sommige apokaliptiese geskrifte geskryf — waarskynlik ook die laaste Bybelboek (Russell 1964; Rowley 1963; Prévost 1993:59-60; Charlesworth 1993).

Voordat verder hieroor gehandel word, is dit nodig om ook daarop te wys dat sommige navorsers meen dat die omstandighede van die veronderstelde lesers van die Openbaring van Johannes darem nie so moeilik was nie (vgl verskillende medewerkers in die tydskrif *Listening* 28/3, 1993). J M Ford (1993:246-257) stel dat die simboliese getal sewe vir die kerke aandui dat Johannes wil hê dat ons moet dink aan die universele kerk, die 'universele in die partikuliere' ('the universal in the particular'). Volgens haar sal min akademici argumenteer dat hierdie gemeenskappe politieke, sistematiese vervolging onder keiser Domitianus in die gesig gestaar het. Die 'vervolging' het eerder die vorm aangeneem van konflik en opposisie wat die Christene teengekom het in hulle daaglikse lewe te midde van hulle ekonomiese en kulturele omgewing.

Hulle woonplekke was geleë op die belangrike hoofweg, die *Via Egnatia*, en was belangrik vanuit industriële, politieke en godsdienstige hoek gesien. Vanuit 'n sosiologiese hoek gesien, het die woon-en werkplek baie konflikpotensiaal vir Christene bevat, omdat byvoorbeeld die omvangryke heidense kultiese instellings en praktyke, groot finansiële en arbeidsimplikasies vir Christene ingehou het. Kernagtig gestel: Die Christen was in hierdie omgewing gekonfronteer met 'n dilemma wat nie net gevolge vir hom/haarself ingehou het nie, maar ook vir sy/haar hele gesin. 'n Christen kon in die skande kom ('suffer loss of face') deur nie die regte gode en godinne te aanbid nie, of deur nie in te val by bepaalde gebruike nie (vgl McVann 1993:180 oor die benadering van die sosiaal-wetenskaplike interpretasie van Bybeltekste). Volgens Jeske kon sommige Christene dalk eiendom verloor het (vgl Heb 10:32-4). Daar kon dalk druk van die kant van die keiserkultus gewees het, uitbanning van Christen-Jode uit die sinagoge en algemene bespotting in die samelewing. Teen hierdie agtergrond, so redeneer Ford, moet 'n mens die politieke situasie, die sterk- en swakpunte van hierdie gemeentes beoordeel. Hulle getuienis het miskien nie dikwels tot die dood gelei nie, maar hulle was waarskynlik gekonfronteer met vervreemding, ostrasering en selfs hongersnood.

Ford wys egter daarop dat alle akademici nie saamstem dat die situasie van genoemde gemeentes werklik so uitdagend was nie. Met 'n beroep op Tertullianus (Apol 42) waarvolgens Christene daar betrokke was by verskeie ekonomiese aktiwiteite, byvoorbeeld die skeepvaart, die leër, ensovoorts, word gesê dat daar nie bewyse voor is dat daar 'n volledige skeiding tussen Christene en heidene was nie. R M Grant stel dit so: '... the differences must not blind us to the general coincidence between the life-styles and attitudes of non-Christians and Christians alike'. Syns insiens het opposisie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

teen die Christene hoofsaaklik gekom van hulle bure wat waarskynlik 'n renons gehad het daarin dat die Christene se waardes, vooronderstellings en houdings nie met hulle eie ooreengestem het nie.

Met verwysing na Leonard Thompson, sê Ford dat Thompson aanvaar dat dit die agtergrond van Openbaring was, en dit vanuit 'n sosiologiese hoek analiseer. Hy bevraagteken dit of Openbaring 'n wêreld vertoon van onoplosbare konflik, en stel dat die siener (Johannes) 'n omvattende visioen konstrueer wat alledaagse sosiale realiteite in Klein Asië aan die leser toon. Hy sien die oorsteek van grense nie as gevaarlik nie, maar as transformerend, dit wil sê, mense wat grense oorsteek, word getransformeer. 'n Grens word dus 'a place where differences can be transformed into each other'. Die siener 'envisions reality as a world in process, a flow of becoming, a sequence of transformations that unfolds into various planes, eras, qualities, and objects (volgens Ford 1993:247).

Ford (1993:248) meen dat ons nie moet dink aan 'n eenvormige situasie in Klein Asië nie. Openbaring kon ontstaan het in 'n groep wat geteister is of uit 'n groep met besonder 'konserwatiewe' en /of rigiede standpunte (vgl die 'swakke broeders' in Rom 14). Die Exodus-motief loop soos 'n goue draad deur die boek. Die kerk word uitgebeeld as die verloste, priesterlike, koninklike gemeenskap. Gelykheid en privilege geld dus vir almal. Fiorenza (in Ford 1993:249) meen dat die outeur van Openbaring sy idee van die koninklike priesterdom nie alleen op Eksodus 19:6 en Jesaja 61:6 gebaseer het nie, maar ook ontleen het aan die motiewe van die keiserkultus van soewereinteit van destyds ('imperial cult of sovereignty of his time'). In die Ou Testament was dit die taak van die hoëpriester om God nader aan God se mense te bring. In Openbaring is dit die werk van al die verlostes, die nuwe priesterlike volk van God.

Die Lam is die sleutelfiguur in die Eksodus-motief in Openbaring. As Paaslam (Ram), inisieer Christus sowel die straf van die goddeloses as die beloning van die goeies. Deur die Lam word die vier-en-twintig ouderlinge in die teenwoordigheid van God gebring. Christus is die Paaslam van die *eschaton* wat gelowiges sal verlos van die verwoesting van die wêreld, net soos die Israeliete verlos is uit die slawerny van Egipte.

> It is to be hoped that the situation of the seven churches of the Apocalypse can speak to Christians today, that they will be transformed as they stand on the boundary between the earthly and the heavenly, and that they will feel the calling to be prophets, priests, and sovereigns in the service of God and humankind.
>
> (Ford 1993:257)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Uit bogenoemde debat is in elk geval duidelik dat Christene veronderstel word om nie sonder meer identies soos nie-Christene te glo en te leef nie. Prévost (1993:59-60) sê dat om van goeie nuus te praat in verband met die boek Openbaring, nie 'n aprioriese uitspraak is nie en ook nie 'n geforseerde gevolgtrekking nie. Syns insiens word die goeie nuus van Openbaring by ons tuisgebring danksy die krag van die teks self. Die voorwaarde is egter dat ons ons moet laat lei deur hierdie teks, eerder as deur verbeeldingryke en alarmistiese spekulasies oor ons huidige geslag en die onsekere lot van die mensdom op die drumpel van die derde millennium. *The happiness which derives from participation in the mystery of the Risen Christ is a happiness which fulfils all expectations.*

Bogenoemde is die groot saak of sake waaroor Openbaring handel. Openbaring is nie primêr geskryf om leiding te gee oor die houding teenoor en hantering van kultuur nie. Daarom moet direkte uitsprake en reëls oor díe saak nie in die geskrif verwag word nie. Tussen die reëls en by wyse van afleiding kan egter dalk waardevolle inligting hieroor gevind word.

## 2. 'N PAAR DEFINISIES VAN KULTUUR

Ter prikkeling van die denke, volg nou eers 'n omskrywing of twee van die begrip kultuur. In 'n artikel oor *Evangelie en cultuur: Hun onderlinge verhouding* haal Vroom (1995:4-5) C Geertz se omskrywing van kultuur aan, en dit lui so: 'an historically transmitted pattern of meanings embodied in symbols, a system of inhereted [sic!] conceptions expressed in symbolic forms by means of which men communicate, perpetuate, and develop their knowledge about and attitudes toward life'. Vroom verduidelik dan dat dit blykbaar gaan om oorgelewerde insigte en om aangeleerde houdinge, om 'n proses waarin mense uit die tradisie waarin 'n mens staan, insigte en houdinge ontvang, maar wat 'n mens ook bewustelik onderneem om weer aan ander oor te lewer. Wat oorgelewer word, is 'n patroon van betekenisse, byvoorbeeld wat 'n tafel is en waarvoor dit gebruik word. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Kritzinger & Labuschagne 1980:493) het die volgende inskrywing onder die term *kultuur*: 'die geestelike besit van 'n volk op alle moontlike gebiede; produkte, uitkomste, skeppinge, maaksels van menslike werksaamheid en vernuf; beskawing, ontwikkeling; veredeling; aankweking; verbouing'.

## 3. AANDUIDINGS DAT DIE SKRYWER VAN OPENBARING DEUR DIE EEN OF ANDER SPESIFIEKE KULTUUR BEÏNVLOED IS?

Op bogenoemde vraag sal elke teoloog waarskynlik sonder huiwering 'ja' wil antwoord. Die blote feit dat hy die skryfkuns beoefen, in 'n bepaalde taal skryf, is al 'n kulturele verskynsel! Tog kan dit dalk interessant en sinvol wees om hier en daar 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bietjie dieper te delf, om 'n antwoord te probeer kry op die vraag na die houding van die skrywer van die boek Openbaring teenoor kultuur. Met die oog op die regte verstaan van tekste, moet met 'n paar dinge rekening gehou word, onder andere die volgende:

* *Dat 'Bybelgeskiedenis' deel vorm van 'regte geskiedenis'.*
  Dit is veral duidelik in die evangelies, waar die gebeure van die heilsgeskiedenis ('sacred history') gekoppel word aan spesifieke dateerbare tydperke: Jesus is nie 'n tydlose, mitiese held nie, maar 'n persoon wat assosieer met karakters wat 'n geskiedenis het los van die teks, wat bekend is uit sekulêre geskiedenisboeke: 'Hy is gekruisig onder Pontius Pilatus ....' (Alexander 1995:109).

* *Die Bybel is egter ook deel van 'regte' literatuur.*
  In 'n sekere sin is dit korrek dat Bybeltekste as 'n besondere soort literatuur beskou word: Die tekste waaruit die Nuwe Testament bestaan, vorm 'n samehangende groep wat veel meer met mekaar in gemeen het as wat hulle as 'n groep met ander soorte literatuur het. Dit moet egter onthou word dat nie een van die Nuwe-Testamentiese geskrifte oorspronklik geskryf is met die doel dat dit deel van die Bybel moet vorm nie. Die samevoeging het later gekom, nie as deel van die oorspronklike ontwerp nie. Die literêre kontekste wat help vorm het aan die Nuwe-Testamentiese tekste is deel van die onderskeie kulturele wêrelde van die verskillende outeurs en eerste lesers, dus onder andere die kulturele wêreld van die Grieks-Romeinse literatuur (Alexander 1995:111).

* *Die Nuwe-Testamentiese skrywers en lesers leef in 'n werklike sosiale wêreld.*
  Agter die debatte van 1 Korintiërs byvoorbeeld, lê 'n hele doolhof van sosiale gebruike en vooronderstellings wat die apostel se argumente en sy lesers se reaksies verstaanbaar maak ('informs ... the arguments ...') (Alexander 1995:112).

* *Die mense in die Bybel het met werklike politieke dilemmas geworstel.*
  (Alexander 1995:113, 119-125 vir 'n praktiese illustrasie van hoe kennis van die Grieks-Romeinse letterkunde en kultuur kan help om 'n Bybelgedeelte soos byvoorbeeld Luk 3:1-2 beter te verstaan).

Alexander (1995:121) wys daarop dat ons moet probeer bewus wees van die besondere belange en die perspektief van die bron wat ons gebruik — en dat ons behoort te leer om die Nuwe-Testamentiese skrywers te lees as verteenwoordigers van een tussen ander kompeterende en komplementêre belange in die Grieks-Romeinse wêreld. Maar, sê



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Alexander (1995:122v) verder, literêre geskiedenis het ook sosiale implikasies. Literêre opvoeding kan maklik verbind word met sosiale privilege. Volgens hom is daar meer aan 'n literêre parallel as bloot om 'n ooreenkoms tussen tekste raak te sien: Die teks is bloot die oppervlakmanifestasie van 'n hele netwerk van verbintenisse tussen kultuur en sosiale wêreld. Toegang tot die netwerk is relatief maklik, maar 'n mens sal daarop voorberei moet wees om 'n veelvoud van verbintenisse te ondersoek, eerder as om by 'n oorvereenvoudigde oplossing uit te kom. Ook die breër kulturele netwerk waarin die Nuwe-Testamentiese skrywers optree, sal in gedagte gehou moet word.

Naas die reeds genoemde sake bring die datering in Lukas 3:1-2, wat deur Alexander as voorbeeld gebruik word, ons ook by die vraag na die politieke ideologie van die teks (Alexander 1995:123v). Volgens Alexander (1995:124), deel Lukas beslis nie die opvatting van Openbaring oor die Romeinse Ryk nie. Daar kan egter ook nie sonder meer aanvaar word dat daar geen middeweg is tussen Johannes se ondubbelsinnige veroordeling van die Romeinse Ryk en andersyds samewerking daarmee nie. Syns insiens hoef ons nie verder te kyk as die verhalende gedeeltes van die boek Daniël nie. Daniël is dikwels die bron van die beeldspraak van Openbaring. In Daniël word die wêreldryke hanteer as 'n lewensfeit, ondergeskik aan God en verplig om aan God getrou te bly. *Vir Daniël, soos vir Lukas, is daar geen rede vir die gelowige om te weier om deel te neem aan die regeringsproses nie, so lank as dit nie in stryd is met sy of haar eerste godsdienstige lojaliteite nie. Hierdie laaste voorwaarde is die sleutel* (kyk Alexander 1995:109-126; i v m die belangrikheid daarvan dat by die interpretasie van Openbaring o a met die retoriese situasie erns gemaak moet word, vgl Fiorenza 1991c:20-37).

Openbaring 17 en 18 skep die indruk dat die ganse kultuur van Babilon (Rome) finaal sal verdwyn omdat dit goddeloos is. Tog is dit nie so dat Openbaring sonder meer handel, seevaart, musiek, landbou, betrokkenheid by die samelewing, afkeur of ontmoedig nie. Dink maar aan die gemeente in Efese wat verwyt word dat hulle Jesus Christus nie meer so lief het soos in die begin nie (Op 2:4), aanprysing van liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding (Op 2:19) ensovoorts. Waar egte geloof en Christelike liefde teenoor God en teenoor mense op jou pad is, het dit tog uiteindelik ingrypende effek op menseverhoudinge, die houding teenoor die owerheid, die houding van die owerheid teenoor die onderdaan, arbeidsetiek ensovoorts. Dit beteken egter nie dat volgens Openbaring, die Christene die wêreld nuut gemaak sal kry of dat die verlange na die paroesie op die agtergrond geskuif mag word nie.

Volgens Vroom moet die waardes (en veral die idee) van 'n bepaalde kultuur beoordeel word in die lig van 'Jesus, en Hom as gekruisigde'. Sommige waardes kan ongeskonde bly, ander word anders geïnterpreteer, vervang of in die hiërargie van waardes *gedegradeer*. Aune (1983:5-7) wys daarop dat daar in die vakliteratuur dik-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wels aanvaar word dat die troonsaalseremonies in die boek Openbaring (vgl Op 4, 5, 19) in 'n groot mate 'n weerspieëling is van die vroeg-Christelike liturgie wat weer baie aan die Ou-Testamentiese tempeldiens ontleen het. Hy gee toe dat die boek Openbaring deurtrek is met 'n skema van kosmiese en eskatologiese gebeure wat gebaseer is op die antitese van Satan en Caesar teenoor God en die Lam, maar hy meen dat daar ook 'n goeie saak vir iets bykomends uitgemaak kan word. Hy meen dat Johannes se beskrywing van die hemelse seremonies in God se troonsaal so opvallend ooreenstem met die seremonies van die keiserlike hofhouding en kultus, dat laasgenoemde slegs 'n parodie van eersgenoemde kan wees ('bears such a striking resemblance to the ceremonial of the imperial court and cult that the latter can only be a parody of the former'). Hy meen dat dié interpretasie beter gegrond kan word as die ander interpretasie, naamlik dat die hemelse liturgie van Openbaring 'n projeksie is van die liturgie van die Christelike kerk op aarde.

Hy gee toe dat sekere liturgiese uitdrukkings en formuleringe soos die 'Amen' die Halleluja en die Sanctus beslis 'n deel van die vroeë Christelike liturgie was, maar stel dat nie sonder meer aanvaar kan word dat groot gedeeltes van die hemelse liturgie van Openbaring 'n noukeurige weergawe is van die Christelike erediens nie. Aune (1983: 22-23) stel dat die individuele komponente van die seremonies wat deur Johannes in sy uitbeelding van die hemelse seremonies gebruik word, verhoog en uitgebrei is en selfs groter kosmiese betekenis gekry het. Gevolglik is die soewereiniteit van God en die Lam so ver bo alle pretensies en aansprake van aardse heersers verhef, dat laasgenoemdes by wyse van vergelyking, bloot bleek en selfs diaboliese nabootsings word van die transendente majesteit van die Koning van die konings en die Heer van die here. Hy dink dat Johannes se denkwêreld in so'n mate sinkretisties is, dat die kompleksiteite daarvan nie verstaan kan word los van die inagneming van die tradisies van die Grieks-Romeinse wêreld waarvan hy en sy lesers deel gevorm het nie.
Prévost (1993:77) skryf:

> By their very sobriety, the 'letters' show the main problems and challenges facing the different churches. Here, just under the surface, we find the two main problems of relations with Judaism (who are the true Jews?) and Roman emperor worship ('the throne of satan'), and the backdrop is that of trial, tribulation and martyrdom. Toleration of and compromise with idolatry and gnosis are also among the temptations which threaten the communities addressed by John. But whatever the problem envisaged, the word of Christ is always the same: there is a need for conversion and a return to the most radical demands of the Gospel, to the original fervour.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Finally, ... the promises made to the churches show that the benefits traditionally expected at the end of time are already accessible to 'those who conquer', thanks to the resurrection of Christ. For example, access to the tree of life and the hidden manna that the Jews hope for at the end of time is made possible now for anyone who undertakes to follow Christ in his mystery of death-and-resurrection. This is certainly the good news the letters bring to churches ....

Ter beklemtoning van die feit dat die boek Openbaring nie maar net 'a pie in the sky when you die' voorhou vir mense wat in hierdie lewe 'n totaal sinnelose en troostelose bestaan voer nie, moet gelet word op die voorregte wat die gemeentes reeds in hierdie lewe, geniet: *[D]ie een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan ... IS geseënd ...* (Op 1:3).

*Genade en vrede* word aan die gemeentes toegesê, afkomstig van Hom wat is en wat was en wat kom .... (Op 1:4-5). Jesus Christus het hulle *reeds deur sy bloed van hulle sondes verlos en hulle sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader* (Op 1:5-6). Deur hulle verbondenheid met Jesus, het Johannes en sy lesers *deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding* (Op 1:9).

Volgens Openbaring 7:3, word die dienaars van God eers op hulle voorkoppe gemerk met 'n seël, voordat God se oordele die goddelose mensdom tref (Op 7:3).

Die vrou van Openbaring 12 ly wel ontberinge, maar word tog deur God bewaar te midde en ten spyte van vele bedreiginge. Reeds hier en nou word die uitnodiging gerig tot elkeen wat dors het: [E]*lkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!* (Op 22: 17) — Let wel: Nie EENDAG nie, maar reeds hier en nou!

En dan kom die versekering in die laaste vers: *Die genade van die Here Jesus sal met almal wees* (Op 22:21).

Daar is ook trekke in Openbaring wat lyk asof almal wat tydens die skrywe van hierdie boek nog nie Christengelowiges was nie, se kans finaal verby was, byvoorbeeld Openbaring 22:11: *Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie vuil is, moet vuil bly.* 'To know this secret revelation was the way to blessedness (1:3; 22:7). Not that reading it would benefit any but the elect; the time for conversion was past (22:11)' (Barrett 1983:135). Soos reeds aangedui, is die evangeliese klanke egter ook duidelik aanwesig in die boek. Let byvoorbeeld op Openbaring 14:6-7, waar al die bewoners van die aarde tot bekering opgeroep word (vgl Räisänen 1995:152).

In hierdie verband maak A G S Venter (1995:311v) die volgende belangrike opmerkings:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Openbaring bied gegewens wat dui op God se beheer van alle aspekte van die menslike bestaan .... Vir die gelowige is die sekerheid van God se beheer die groot bemoediging tot sy volharding ....
>
> Openbaring staan nie onttrekking uit die wêreld voor nie ..., ook nie byvoorbeeld deur 'n vorm van selibaat nie. Dit kan ook nie beweer word dat Openbaring 'n verwagting skep dat die gelowige hom van die skepping behoort te onttrek na 'n buite-wêreldse utopia nie. Openbaring staan ook nie optredes van verset of opstand voor nie en wakker nie wraakgedagtes teen die wêreld aan nie .... Die bedoeling van Openbaring is dat die gelowige met volharding op die wêreld gerig is omdat hy seker is dat God hier heers en deur die volharding van die gelowige Sy heerskappy laat realiseer ....
>
> Die gelowige is dus nie 'n vlugtende mens nie: Hy vlug nie van God af weg nie ... en probeer nie die wêreld ontvlug nie ... maar leef met volharding uit die teosentriese perspektief dat hy op die aarde kan oorwin vanuit die eskatologiese sekerheid dat God reeds besig is om sy beloftes van redding en herstel uit te voer ....
>
> In hierdie verband teken Openbaring die heerskappy van God ook oor die ongelowiges. God wil hê dat die ongelowiges ook tot bekering moet kom .... Die volharding van die gelowige is die getuienis wat moet uitgaan as 'n oproep tot die ongelowige om bewus te wees van die teosentriese perspektief waartoe die hele skepping en alle mense geroep word .... Hoewel Openbaring nie pertinente uitsprake oor die missiologie maak nie, is die missionêre karakter van die kerk ook in Openbaring opmerklik ....
>
> Openbaring roep die kerk van alle eeue op om hierdie missionêre roeping uit te leef uit 'n teosentriese motief om daardeur God te eer ... en met 'n doksologiese perspektief dat almal uiteindelik God sal prys ....

Wanneer ons by Openbaring 21 en 22 kom, trek dit die aandag dat die skrywer wanneer hy praat oor die finale vreugdevolle toekoms van hulle wat in die regte verhouding tot God te staan gekom het, dit doen met behulp van beelde wat onmiskenbaar ontleen is aan die kultuur wat aan hom bekend is: 'n Ommuurde stad met fondamente en poorte. Vir baie van ons met 'n plattelandse agtergrond en 'n hunkering na die plaaslewe, is dit dalk selfs 'n bietjie skokkend dat die ideale eindtydse situasie voorgestel kan word as lewe in 'n stad, en nie 'n lewe op 'n lieflike plaas nie! Gelukkig is dit net beelde, wat bedoel om te sê dat die finale toekoms vir die verlostes ongelooflik mooi en gelukkig sal wees. Maar, en dit is belangrik vir ons doel by hierdie geleentheid, dit word



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gedoen met behulp van beelde wat ontleen is aan kultuuraktiwiteit: mure, fondamente waarop dinge geskrywe staan, poorte! Collins (1981:5) verwoord hierdie verwysing na Jerusalem soos volg:

> The positive response associated with Jerusalem may reflect the author's concern for the eventual conversion of the Jews. At least it places Jerusalem in a more positive light than the rest of the world. More significantly, Jerusalem appears as a major symbol of salvation in the book of Revelation (3:12; 21:2, 10).

Volgens Collins (1981:5-7) is die outeur van Openbaring vyandig teenoor die Grieks Romeinse kultuur en roep hy sy lesers op om dit te boikot (14:9-11). Collins beskou Johannes in hierdie opsig as minder akkommoderend as Paulus (Collins 1981:5).

Aangesien ook die Jode, soos Collins tereg sê, volgens Openbaring tot bekering moet kom, is die konsekwensie seker dat ook hulle kultuur nie 'n onaantasbare grootheid, belangriker as die evangelie en die konsekwensies van die evangelie is nie.

## 4. OPMERKINGS OOR DIE ONDERGESKIKTHEID VAN KULTUUR AAN DIE VOORREGTE EN EISE VAN DIE EVANGELIE

Die skrywer van Openbaring benut elemente uit sy eietydse kultuur as draers van 'n nuwe boodskap. Hy gebruik nie die evangelie om 'n bepaalde kultuur te propageer nie! So benut hy byvoorbeeld die verskynsel van magie en towery om die grootheid van Jesus Christus te beklemtoon. McVann (1993:179v) skryf byvoorbeeld:

> The final article in this issue of *Listening* is a detailed consideration of the role of magic and sorcery in Revelation. While many modern people think of magic and sorcery in religion as two discrete spheres (the former completely debunked as superstition; the latter merely suspect), for the ancient such a distinction did not obtain. Rather, one group regarded another group's religion as magic or sorcery, but its own as the 'true faith'. Dr. Elliott shows how the Seer who authored Revelation uses the concepts and vocabularly of magic and sorcery as a polemic to heap scorn upon Rome and Roman claims to supernatural power. John shares the worldview of his contemporaries who held the existence and efficacy of magic and sorcery; however, he differs from them sharply in his



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> belief in God, and in God's Messiah, as the ultimate source of victory over the power of evil [vgl ook Elliott 1993:261-276].

Na die voleinding, sal daar volgens Openbaring 'n totaal nuwe situasie kom waarin ons geen rede het om te dink dat kulturele gebruike en voor-en afkeure soos ons dit in hierdie bedeling ken, nog relevant sal wees nie (Op 21-22).

Ook in Openbaring soos in talle ander apokaliptiese geskrifte, is daar groot belangstelling in die afloop vam die geskiedenis. In Openbaring word egter groot klem gelê op die heilsgebeure wat reeds agter die rug lê, naamlik die kruis- en Paasgebeure (Op 5:5-14). Die loop van die geskiedenis sedert daardie gebeure, word volgens Openbaring juis ingrypend beïnvloed deur 'die Lam wat geslag is' maar wat nou die Here van die heersers en die Koning van die konings is (Op 17:14).

Uit wat tot dusver gesê is, kan seker met reg afgelei word dat die ideaal seker nie mag wees dat een of ander kultuur die evangelie moet verander nie, maar dat die kultuur deur die evangelie omvorm sal word om in ooreenstemming met die evangelie en diensbaar aan die evangelie te word en te bly. Vroom (1995:3) stel dat die tema 'evangelie en kultuur' verweef is met die vraag na die konstekstualiteit van geloofsverstaan en met die vraag in hoeverre nie-Westerse Christendom tot eie kontekstualisasies kan kom sonder om erfgoed skade aan te doen. Hy wil veral aantoon dat kultuur nie sonder lewensbeskoulike tradisies kan klaarkom nie en dat die evangelie 'n vormende krag in 'n kultuur wil wees. Vanuit die verstaan van die evangelie streef Christene daarna om die lewe en dus die kultuur te kersten. 'Maar wat is dit?', vra Vroom. Hy toon dan aan dat dit nie so 'n eenvoudige saak is om te bepaal wat bedoel word met die kerstening van 'n bepaalde kultuur nie (Vroom 1995:3-4).

Hier word die leser weer herinner aan die stelling van Vroom dat die waardes (en veral die idee) van 'n bepaalde kultuur beoordeel moet word in die lig van 'Jesus, en Hom as gekruisigde'. Syns insiens kan sommige waardes ongeskonde bly, ander word anders geïnterpreteer, vervang of in die hiërargie van waardes 'gedegradeer'.

Dit geld volgens Vroom vir die inkulturasie van die evangelie in alle kulture, Westers of ander. Alle kulture het waardes waaroor vanuit die evangelie weinig te sê is: 'n groot deel van goeie maniere, eetgewoontes, argitektuur ensovoorts. Ingelyks is daar in ander kulture waardes wat deur die kerk 'geyk' kan word: sommige inheemse rites en vormgewing van die samelewing. Hierdie waardes moet gesien word naas waardes wat 'n mens in beginsel op grond van die evangelie sal wil laat beëindig. 'n Standaard voorbeeld van laasgenoemde is poligamie waaroor dikwels opgemerk word dat die afskaffing daarvan moeilik is weens die weerloosheid van alleenlopende vroue in sommige kulture. Omdat elemente in kulture in stryd is met die gees van die evan-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gelie, is dit onmoontlik om van die integriteit van kulture te praat en daarvoor te pleit dat 'n mens 'die' kulturele identiteit van mense moet respekteer. So 'n beskouing oor kulturele integriteit doen nie reg aan die beweeglikheid van kulture in hulle onderlinge wisselwerking en hou ook nie rekening met die moontlikheid van 'n kritiese dialoog oor kultuur-en godsdiensgrense heen nie. Soos Westerlinge oop moet wees vir besware teen individualisme, eensydige klem op gelykheid en regverdigheid, hebsug, vermorsing en omgewingsbeskadiging, kan uit Westerse kringe kritiese vrae gestel word oor die oorblyfsels van die kastestelsel, individualistiese religieë ensovoorts (Vroom 1995: 10-11).

Dit is interessant om daarvan kennis te neem dat in verskillende Rooms-Katolieke dokumente verwante gedagtes uitgespreek word. Enersyds gaan dit daarom dat elemente in verskillende kulture ontdek moet word wat in die Christelike lewenstyl geïntegreer kan word om so die *native genius* te verryk. Vir sover inheemse kulture die waardes van die evangelie nie weerspreek nie, kan dit met respek aanvaar en bewaar word. Andersyds word gestel dat die kern van die Christelike boodskap elke kultuur te bowe gaan en daarom onafhanklik van die kultuur bly. Vir elke kultuur, aldus hierdie dokumente, is die kern van die evangelie dat die basis van die lewe, buite onsself, die groep of nasie lê, naamlik by God wie se Beeld sigbaar is in die gekruisigde en opgestane Heer. Daardie ruspunt gee aan mense vryheid om die kultuur telkens weer te hervorm (Vroom 1995:11).

Anders gestel: As dit deel van my kultuur is om met behulp van dolosse hekse uit te ruik en daardie hekse dan te verbrand, moet ek as Christengelowige daardie deel van my kultuur laat vaar. Dit is nie versoenbaar met die evangelie nie. 'n Ander voorbeeld: As dit deel van my kultuur is dat ek weier om aan 'n erediens deel te neem as daar mense teenwoordig is wie se kultuur of voorkoms verskil van dié van my en my mense, moet daardie deel van my kultuur gewysig word om versoenbaar te wees met die konsekwensies van die evangelie. Daarmee word nie gesê dat die mense na wie verwys is, nie Christene is nie, maar word wel beklemtoon dat geen mens in hierdie lewe die volmaaktheid bereik nie en dat elke Christengelowige daagliks moet waak en bid sodat ons werklik vrugte sal dra wat by die bekering pas! Die evangelie is nie sonder meer kultuurvyandig nie, maar geen kultuur of tradisie as onderdeel van 'n kultuur is in beginsel onveranderlik of belangriker as die evangelie en die konsekwensies daarvan nie.

Volgens Collins (1977:255v) is daar in Openbaring twee basiese modelle van weerstand teen die onsimpatieke owerheid: gewelddadige revolusie en passiewe verset. Die passiewe verset kan twee vorme aanneem:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Die uitverkorenes sal oorwin, maar dit is nie hulle wat die stryd voer nie; dit word vir hulle gevoer en eendag sal hulle die voordele van die oorwinning geniet.

* In die tweede vorm is die uitverkorenes nie heeltemal passief nie, omdat geglo word dat die dood wat sommige lede van die gemeenskap sterf, 'n rol speel om die draaipunt te bewerkstellig, naamlik die eskatologiese oorlog. Openbaring maak gebruik van die tradisie van die heilige oorlog om die situasie van die eerste lesers te interpreteer. In dié proses propageer Openbaring passiewe verset van die tweede soort. In die hede moet die gelowiges vervolging en die dood verduur. Hulle verwag 'n gewelddadige oplossing van die konflik waarin hémelse magte hulle teenstanders sal verslaan. Hulle bydrae tot die uitslag van die stryd is miskien dat hulle martelaarskap die koms van die einde verhaas, omdat daar 'n vaste getal martelare is wat eers moet sterf voordat die eskatologiese veldslag kan begin (vgl Collins 1983:729, 746v; 1981; Barr 1986; Aune 1981).

## 5. SLOTOPMERKINGS

Wie werklik die boodskap van die boek Openbaring glo, hoef nie sy of haar volk se kultuur sonder meer te verruil vir die kultuur van 'n ander volk nie. As gelowige Afrikaner of Engelsman of Zoeloe of Rus, sal so 'n gelowige sy of haar kultuur met geesdrif inspan en desnoods in sekere opsigte wysig of sekere aspekte daarvan verwerp, sodat die gang van die evangelie daardeur bevorder kan word. As daar 'n botsing van belange onstaan tussen my Afrikanerskap byvoorbeeld, en die eise van die evangelie, is daar geen twyfel oor dat die eise van die evangelie wat voorkeur moet kry nie — selfs al sou dit beteken dat ek die deel van die kultuurefenis wat vir my die naaste aan die hart lê, moet prysgee! (By die skryf van hierdie woorde het die woorde van Jesus volgens Matteus 10:37 my te binne geskiet 'Hy wat sy pa of ma liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie' — kultuurerfenis is darem seker minder belangrik as 'n mens se ouers of kinders!)

Andersyds: Wie werklik die boodskap van Openbaring glo, of dan glo in die Een wat deur Openbaring verkondig word, kan nie neerslagtig deur die lewe gaan met die gevoel dat alles wat die moeite werd was om voor te lewe, verlore is omdat 'n politieke verkiesing of maatskaplike en ekonomiese omstandighede anders verloop as wat so iemand geglo het die beste sou wees nie, of omdat ons kultuur bedreig word nie. Jesus Christus bly immers nog steeds die Heer van die here en die Koning van die konings. Vir dié wat in Hom glo, lê die allerbeste dus nie agter die rug nie, maar baie beslis op die pad vorentoe. En intussen kan letterlik niks die Christengelowige skei van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie (Rom 8:35-39). Dit is natuurlik 'n verwysing na 'n uitspraak van Paulus, maar ook in Openbaring self word in ander woorde iets dergeliks gesê, byvoorbeeld:

> Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby .... Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen (Op 1:3-6).
>
> Die gees en die bruid sê 'Kom!' En elkeen wat dit hoor, moet sê: 'Kom!' En elkeen wat dors het, moet kom; en elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet (Op 22:17)!
>
> Die genade van die Here Jesus sal met almal wees (Op 22:21).

Ten slotte, 'n aanhaling uit Prévost se boek, *How to read the Apocalypse*: 'The "last word" in the Apocalypse is, in fact, about beginning and beginning again: "Amen. Come, Lord Jesus! The grace of the Lord Jesus be with all the saints. Amen" (22: 21)'. Hierop sê Prévost (1993:115):

> This twofold 'Amen' defines in a remarkable way the two poles of Christian existence. Since the Risen Christ is the Alpha and the Omega, the principle of a new world, we say 'Amen' to the future: 'Come, Lord Jesus'. But to say 'Amen' to the future is not to switch off or resign from the present. We also say 'Amen' to the present, welcoming it as an event of grace: 'The grace of the Lord Jesus be with all the saints'. It is here and now that we must bear witness to the hope that inspires us.

## Literatuurverwysings

Alexander, L C A 1995. The relevance of Greco-Roman literature and culture to New Testament Study, in Green, J B (ed), *Hearing the New Testament: Strategies for interpretation.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Aune, D E 1981. The social matrix of the Apocalypse of John. *Biblical Research* 26, 16-32.

——— 1983. The influence of Roman imperial court ceremonial on the Apocalypse of John. *Journal of the Chicago Society of Biblical Research* 28, 5-26.

Barr, D L 1986. Elephants and holograms. *SBL* Seminar Papers, Vol 25, 400-411. Scholars Press.

Barrett, C K 1983. Gnosis and the Apocalypse of John, in Logan, A H B & Wedderburn, A J M (eds), *The New Testament and gnosis*. Edinburgh: T & T Clark.

Charlesworth, J H (ed) 1983. *The Old Testament Pseudepigrapha*, Vol 1: *Apocalyptic Literature and Testaments*. London: Darton, Longman & Todd.

Collins, A Y 1977. The political perspective of the Revelation to John. *JBL* 96/2, 241-256.

——— 1981. The Revelation of John: An apocalyptic response to a social crisis. *Currents in Theology and Mission*, 4-12.

——— 1983. Persecution and vengeance in the Book of Revelation, in Hellholm, D, *Apocalypticism in the Mediterranean world and the Near East*, 729-749. Tübingen: J C B Mohr. (Proceedings of the International Colloquium on Apocalypticism, Uppsala August 12-17, 1979.)

Elliott, J H 1993. Sorcery and magic in the Revelation of John. *Listening. Journal of Religion and Culture* 28/3, 261-276.

Esler, P F 1993. Political oppression in Jewish Apocalyptic literature: A social-scientific approach. *Listening. Journal of Religion and Culture* 28/3, 181-199.

Fiorenza, E S 1991. *Revelation: Vision of a just world.* Minneapolis: Fortress.

Ford, J M 1993. The priestly people of God in the Apocalypse. *Listening. Journal of Religion and Culture* 28/3, 245-260

Green, J B (ed) 1995. *Hearing the New Testament: Strategies for interpretation.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Kritzinger, M S B & Labuschagne, F J 1980. *Van Schaik se verklarende Afrikaanse woordeboek.* 7de uitgebreide uitgawe. Goodwood, Kaap: JL Van Schaik.

McVann, M 1993. Introduction to *The Apocalypse of John in social-scientific perspective,* in *Listening. Journal of Religion and Culture* 28/3, 177-180.

Prévost, J-P 1993. *How to read the Apocalypse*, translated by J Bowden & M Lydamore. London: SCM.

Räisänen, H 1995. The clash between christian styles of life in the Book of Revelation. *Studia Theologica* 49/1, 151-166.

Rowley, H H 1963. *The relevance of apocalyptic: A study of Jewish and Christian apocalypses from Daniel to the Revelation.* New and revised edition. London: Butterworth.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Russell, H S 1964. *The method and message of Jewish Apocalyptic.* London: SCM.
Venter, A G S 1995. Volharding in teosentriese perspektief volgens die boek Openbaring. DLit & Phil-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit.
Vroom, H M 1995. Evangelie en cultuur: Hun onderlinge verhouding. *GTT* 95/1, 3-11.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services